

Cyrenius herken sy dogters

28 Cyrenius sê: "Bietjie geduld, beste kinders en dogters! - Jy heet Gamiëla, en hoe heet jou jonger suster dan?"

[2] Die Jongere sê: "Ek heet Ida, want so noem die mense my altyd."

[3] Toe omhels Cyrenius My en sê: "Meester, hoe kan ek U dank? O Elohim, o Vader! Op hierdie wyse het U my nou my twee eie dogters teruggegee wat sewentien jaar gelede so brutaal van my gesteel is! Hoe dit moontlik was terwyl my huis so goed bewaak was, is vir my nog steeds 'n raaisel!

[4] Ek stuur dadelik verkenners in alle rigtings uit om na die verdwene meisies te soek en navraag te doen na hulle, en 'n moedige hoofman sê: "'Selfs as Pluto hulle sou geroof het, bring ek hulle na u toe terug! As hulle egter deur die see of 'n vraatsugtige roofdier verswelg is, sal alle moeite vergeefs wees!' Hy het gegaan en hom drie jaar tevergeefs afgesloof.

[5] Ek het ook ondersoekers na U, o Meester, na Nasaret, gestuur. Hulle het U wel vrae gestel, maar het met die jobstyding huistoe gekom dat daar niks meer van U te verwagte is nie. U was weliswaar 'n rustige, maar origens baie verleë jong seun van dertien of veertien jaar, en daar was geen sprake daarvan dat u iets sou voorspel nie!

[6] U eie ouers het baie treurig oor U gepraat en gesê dat elke spoor van wysheid heeltemal vervlieg het in U twaalfde jaar en dat U nou wat verstand en insig aanbetref agter staan by elke baie gewone jong seun. Ter wille van my moes hulle toe nog by U daarop aangedring het om vir hierdie een maal nog vir my bodes 'n voorspelling te doen, maar U het bly swyg. Ten slotte het U selfs gesê dat U nie in die wêreld gekom het om voorspellings te maak nie, maar om te werk net soos enige ander mens!

[7] Toe die mense U gevra het of U Uself nie herinner het aan wat U alles vanaf die wieg tot en met U twaalfde jaar gedoen het nie, sê U dat dit wat daar was nou verdwyn het! En toe die mense U vra waarom, het U niks meer gesê nie, U het die kamer verlaat en na buite gegaan- en my afgesante het onverrigter sake huistoe gekom!

[8] En so was al my soeke destyds tevergeefs. Sewe volle jare het ek oor my twee allerliefste dogtertjies getreur - en kyk, hier is hulle! U het hulle toentertyd vir my onthou, om hulle nou dubbel so wonderbaarlik aan my terug te gee! Ja, Meester, hoe moet ek U nou eintlik daarvoor bedank?"

[9] Ek sê: "Dit het jy al gedoen deurdadig dat jy almal wat hier versamel is, opgeneem het en gesorg het vir hulle huisvesting en vir 'n toekomstige, beter bestemming as wat hulle tot op hede gehad het! Kortom, - jy, My beste vriend Cyrenius, het al soveel vir My gedoen, dat

Ek jou op hierdie aarde nie onbeloon sal laat nie! Eens in My ryk in die hemel sal jy egter nog 'n groter loon daarvoor kry!

[10] Maar omdat jy nou jou dogters weer volkome gesond terug het, dink dan daaraan, aan wie Ek hulle as bruide beloof het! Beide die manne is weliswaar nie van koninklike afkoms nie, maar in 'n sekere sin is hulle nou My seuns, - en dit moet tog ook voldoende vir jou wees!"

[11] Cyrenius sê: "Meester, U wil is vir my 'n baie welkome gebod, en ek sal vir beide my skoonseuns wel middele en weë vind waardeur hulle so 'n plek sal kry dat hulle vir die arm mense sowel geestelik as liggaamlik soveel moontlik van nut kan wees!

[12] Maar, liefste dogters, kom nou na my toe en laat ek julle aan my hart druk, want ek is nou tog een van die gelukkigste vaders op die hele aarde! Hoe gelukkig sal julle moeder tog nie wees om julle weer terug te hê nie, want sy was ontroosbaar oor julle! As sy julle ook nog sou kon sien, sal haar geluk nog groter gewees het, maar sy is by al haar lieflikheid nog blind. As blinde het sy my vrou geword, kry 'n tyd lank weer die lig in haar oë terug, maar het tog later weer blind geword! Maar sy het so 'n ontwikkelde gevoel, dat ek daarvoor kan wed dat sy julle dadelik sal herken! O, hoe is ek nou eindeloos gelukkig! Kom hier, arme kinders, ek sal julle soveel ek kan weer gelukkig maak!

[13] As ek nou daaraan dink hoe ons julle op see gevind het, drywend met die hare aanmekaar vasgebund! As ek toe ook maar in die verste verte kon gedink het dat julle my dogters was, hoe sou die gesig my tog nie ontsettend ongelukkig gemaak het nie! Nou eers, nou dat julle weer lewe, het die Meester my aan julle voorgestel om my so gelukkig moontlik te maak! En nou is ek gelukkig en daarvoor, o Meester, alle lof en al my liefde aan U!"

Die beskeie Zinka

29

Zinka kom daarby staan en sê: "Verhewe

meester en gebieder! Onder hierdie omstandighede, wat ek vantevore nie in die minste kon voorsien nie, kom die sake gewis baie anders te staan. Hulle is nou nie meer koopmansdogters uit Kapernaum nie, maar hulle is dogters uit die Romeinse keiserlike huis. Aan dié boom groei vir ons soort geen appels nie! Want vir sulke kinders moet daar ook weer kinders wees wat van koninklike ouers afstam. Ek is slegs 'n gewone seun van 'n Judeër. Ek stam wel van Juda af, maar wat is dit nou vergeleke met u, 'n broer van die groot keiser Augustus, wat dus behoort tot die stam van die oudste adelstand?! Bowendien is u onmeetlik ryk en ek het slegs my karig afgemete beloning vir baie, baie werk.

[2] Ook al sou Gamiëla my oneindig gelukkig gemaak

het as ek haar nou as `n hemelse wonder tot vrou sou gekry het, tog kan en mag ek haar nooit tot vrou neem nie, noudat sy as u dogter so hoog bo my onbeduidendheid staan! Verhewe meester, vandag in u suiwer geestelike gestemdheid sou u haar wel aan my kan gee, maar môre sou dit u baie kon berou! En sou ek u dit kon belet as u haar weer van my sou afneem? Wat `n woede en droefheid sou ek dan nie ondervind nie! Maar as ek haar tot vrou kan neem onder die volledige versekering dat sy myne sal bly, dan neem ek haar ook beslis en sal ek die gelukkigste mens wees. Maar eis sal ek haar nooit, want ek ken my plek en ook die uwe.

[3] Besorg my egter op Romeinse gebied die een of ander klein stukkie grond, dan sal ek dit deur die vlyt van my hande bewerk en saam met my medewerkers daarvan lewe! Laat my egter nie weer na Jerusalem gaan nie en nie meer in die Judeese land bly nie! Want met Herodus en met die tempel wil ek niks meer te doene hê nie!"

[4] Cyrenius sê: "Moenie meer daaroor praat nie! Ek kan my Gamiëla immers nie meer van jou afneem nie, want die Meester het haar in `n sekere sin eerder aan jou as aan my geskenk - en Sy woord en uitsprake is vir my heilig - meer as heilig! Die minste wat die Meester ook maar wens, moet ons doen, as ons soos Sy heilige engele wil lyk! Hier op hierdie wêreld beteken ek nou wel iets solank Hy my laat lewe, maar aan die oorkant, in die groot hiernamaals, is ons almal gelyk en ons huidige skatte bly op die dooie aardkors agter en word voedsel vir die alles verslindende tyd.

[5] Laat my hoë afkoms jou daarom nie hinder nie,

want dit het ek net vir die welsyn van die mensdom, vir sover dit in my vermoë lê. En sou jy, wat deur die Meester van die oneindigheid, van lewe en van dood spesiaal aan my toevertrou is, daarvan uitgesluit wees? Nee, nee en nooit! Jy is en bly my seun!"

[6] Toe Zinka hierdie woorde hoor, sê hy: "Ja, waarlik, so kan slegs `n hart praat wat JaHWeH Elohim bo alles liefhet! Wat die Meester wil, dit wil ook ek baie verseker, want Hy wat beide opgewek het, is die Majesteit Self, daarvan is ek nou volledig van oortuig. En al sou miljarde daarteen gaan, dan sal Zinka se geloof nooit wankel nie! Aan Hom alleen sy van nou af aan al my liefde en al my ware aanbidding! Aan Hom sy alle eer van ewigheid tot ewigheid!"

[7] Met hierdie woorde val Zinka voor My neer en sê: "O Meester, vergeef my al my sondes, sodat ek as `n gereinigde mens tot U kan bid!"

[8] Ek sê: "Staan op, My broer! Jou sondes is reeds lankal deur My ongedaan gemaak, want jou hart ken Ek lankal en Ek laat haar ten slotte ook nog na My toe kom. Jy was weliswaar uitgestuur om My gevange te neem en Ek het My deur jou gevange laat neem - maar slegs vir jou hart en tot jou heil! Staan nou op en wees in My Naam vol goeie moed en word vir My `n goeie, bruikbare werktuig!"

[9] Zinka staan op en begin toe eers goed na te dink oor die grootte en die betekenis van hierdie gebeurtenis. Eers nadat hy langs My sal plaasneem, sal ons hom weer hoor praat. Want na Mathael is hy gewis die grootste gees in ons geselskap.